# ‘n Verbondsgod, deel 2 (11-05-2025)

As ons kan glo dat God met ons ‘n verbond het, sal ons kan reken op daardie verbond, maar as die verbond vir ons aangebied word op so ‘n manier dat ons niks daarvan verstaan nie, sal ons geen waarde in die verbond hê nie en nie daarin kan glo nie.

Indien mens vir die gemiddelde Christen vra wat is die verbond van God met ons, sal hulle sukkel om te antwoord, want dit het iets te doen met Abraham en die besnydenis, die nuwe verbond met die kerk en die doop, maar die met mý persoonlik te doen het, is ‘n raaisel.

Die verbond wat God met ons het is nie ‘n verborgenheid nie, maar dat Hy ons God is, en omdat Hy ons God is maak Hy in sy almag beloftes aan ons, ter wille van ons. Hy sal ons uitred as ons in gevaar is, want Hy is ons God. Hy sal in al ons behoeftes voorsien, na die rykdom van sy genade, want Hy is ons God. Hy sal ons bring na die land wat Hy aan ons beloof het, want Hy is ons God. Hy sal ons siele verlos uit die mag van die dood, deur in ons plek te sterf, want Hy is ons God.

Hy maak ‘n verbond met ons waarin Hy al hierdie dinge met ons ooreenkom, maar omdat ons nie sy hart ken nie, en omdat ons nie die verbond ken nie, en omdat ons nie weet wie Hy is nie en omdat ons nie weet wie ons is nie, gaan hierdie kosbare verbond

by ons verby, omdat ons reken dit het iets met die kerk te doen, maar ons weet ook nie wat nie.

Die evangelie wat deur die kerke aangebied word is baie geheimsinnig en niemand is regtig seker hoe, wat werk met betrekking tot die verbond nie en daarom is daar geen krag in die verbond nie. ‘n Kontrak in ‘n maatskappy, of tussen twee lande, is die beginsels van hulle verhoudings en daar moet sekerheid wees wat die kontrak sê, sodat daar daarvolgens gehandel kan word. Ons het ‘n soortgelyke kontrak met die Almagtige, maar ons is totaal onkundig wat die kontrak is.

Indien ons kan besef dat God met elkeen van ons as individu ‘n verbond het, dat Hy ons God is en ons sy volk, dan sal ons geloof in Hom kan hê en op Hom kan vertrou. Wanneer ek op Hom vertrou vir uitkoms uit ‘n situasie, het ek geloof in my verbond met Hom, maar as die omstandighede vir my groter as die verbond in Hom is, sal ek Hom nie kan glo nie. As ek egter die verbond met Hom ken en in daardie verbond vertrou, ten spyte van die sienlike omstandighede, sal Hy my uitred omdat Hy met my ‘n verbond het en ek op die verbond met Hom vertrou.

As die Nuwe Verbond met die kerk gemaak is, wat van my? Waarop moet ek vertrou? As ek nie in die kerk is nie, beteken dit dat ek nie met God ‘n verbond het nie? Wat is die verbond met die kerk?

In die geskiedenis van Israel was daar baie triomf vir hulle gewees teen hulle vyande, omdat God hulle God was en die geveg vir hulle geveg het, maar daar was ook tye wat Hy hulle in die hand van hulle vyande oorgegee het, omdat hulle van Hom af weggedwaal het. Sy liefde en sy verbond het egter nooit teenoor hulle verander nie. Hoewel Hy toegelaat het dat ander nasies sy nasie verdruk, het Hy dan telkens daardie nasies gestraf, nadat Hy die Israeliete uit hulle hand verlos het.

***Jeremia** 46:27-28  Maar jy, my kneg Jakob, wees nie bevrees nie; en wees nie verskrik nie, o Israel! Want kyk, Ek verlos jou uit ver plekke en jou kroos uit die land van hulle gevangenskap; en Jakob sal terugkom en stil en gerus wees sonder dat iemand hom verskrik.  (28)  Jy, o my kneg Jakob, wees nie bevrees nie, spreek die HERE, want Ek is met jou. Want Ek sal 'n einde maak aan al die nasies waarheen Ek jou verdryf het; maar aan jou sal Ek geen einde maak nie, maar Ek sal jou tugtig met mate, al sal Ek jou sekerlik nie ongestraf laat bly nie.*

Hoewel God met hierdie uitverkore geslag 'n verbond het om hulle God te wees en hulle sy volk, is die verbond nie goed genoeg om hulle siele te red van die ewige dood nie en daarom maak Hy met hulle 'n nuwe verbond.

***Jeremia** 31:31-34  Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit;  (32)  nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit*

*het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. (33) Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (34) En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.*

Dit is uiters belangrik om te sien dat die Nuwe Verbond met dieselfde mense gemaak is. Die oorspronklike ewige verbond, was met Abraham, Isak en Jakob gemaak, en hulle kinders wat die huis van Israel en die huis van Juda geword het. In die verbond het God gesê dat Hy vir hulle 'n God sal wees en hulle sal vir Hom 'n volk wees, en dit was so. Nou, met die Nuwe Verbond bly dit nog net so van krag, maar die Nuwe Verbond is nou ook in staat om hulle siele te red.

Die Ou Verbond wat Hy met Israel gemaak het, het hulle tydelik onder bewaring gehou totdat die verbond gekom het wat in staat is om hulle siele te red.

***Galásiërs*** *3:23-25  Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.  (24)  Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.  (25)  Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.*

Die loon van die sonde is die dood. Die uiteinde van die sonde is die hel, maar met die Nuwe Verbond het Hy die sonde van sy volk op Hom geneem, deurdat Hy in hulle plek gesterf het.

***Lukas*** *1:67-68  En Sagaría, sy vader, is vervul met die Heilige Gees en het geprofeteer en gesê:  (68)  Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het,*

***Lukas*** *1:76-77  En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig van die Here uitgaan om sy weë reg te maak;  (77)  om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes,*

***Hebreërs*** *2:17  Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.*

Beteken dit dan dat Hy sy lewe gegee het vir net die Jode? Nee, die wat hulle self vandag Jode noem, is nié die Israeliete wat met God ‘n verbond het nie.


***Openbaring*** *2:9  Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan.*

***Openbaring*** *3:9  Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.*

Na sy opstanding uit die dood, verskyn Yahshua aan sy dissipels en gee hulle ‘n sending-opdrag. Niks in die Bybel is toevallig opgeskryf nie en baie van ons het al gewonder waarom Paulus, wat die evangelie aan die heidene verkondig het, se sendingsreise so in detail opgeskryf was. Waarom is dit belangrik dat ons moet weet waar hy sendingwerk gedoen het?

Omdat die Israeliete uit hulle land weggevoer was, en nog nie weer terug gegaan het nie, moes Paulus, en die ander Apostels, na hulle toe gaan om vir hulle die evangelie van verlossing deur, God se nuwe verbond met hulle, te bring. Hy gaan na die bereikbare lande toe waar die Israeliete was: Griekeland, Italië, Switserland, Spanje.

Ons voorvaders kom ook van daardie lande af en dit maak ons deel van daardie uitverkore volk waarmee Vader ‘n verbond het. Net soos wat God die Israeliete van die eerste verbond ‘n opdrag gegee het om sy verbond te hou, net so kry ons ook nou ‘n opdrag.




DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE